Teksgedeelte: Kolossense 1:1-14

Teksvers: Kolossense 1:3

Tema: Die kerk wat vir mekaar bid – dank God, smeek God, aanbid God!

Die brief aan die gemeente in Kolosse is `n brief wat uit gebed bestaan. Die brief begin met Paulus wat vir hierdie gemeente `n gebed doen en dit sluit af met die opdrag en versoek dat die gemeente vir Paulus moet bid. Luister bietjie hoe ernstig Paulus hierdie gemeente oproep om te bid in Kolossense 4:2-4:

"Volhard in gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar en bid tegelykertyd ook vir ons. Bid dat God vir ons `n deur vir die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig waarvoor ek hier gevange sit. Bid dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is."

Die rede hiervoor is dat gebed in die hart van elke gemeente moet staan. Ons kan sê dat gebed die kind van werklike geloof is. Wanneer jy werklik glo en deur jou geloof in `n verhouding met God staan, kan jy nie anders nie as om deur gebed te lewe en dit is slegs wanneer jy God deur gebed smeek dat die Heilige Gees in jou sal woon, wat Hy die Heilige Gees aan jou sal gee. Daarom dat ons in die Heidelbergse Kategismus bely dat dit die vernaamste deel van ons lewe van dankbaarheid is.

Dit is deur gebed wat ons ons totale verlorenheid bely, maar dit is ook deur gebed wat ons die verlossing, wat God gee, ons eie maak. In die week wat kom, gaan ons ons voorberei om Nagmaal te vier en deel van hierdie voorbereiding is opregte gebed waarin ons onsself voor die Here neerwerp en Hom aanbid. Dit is met voorbereiding wat ons nie net onsself in persoon moet ondersoek nie, maar wat ons as gemeente onsself moet ondersoek en vra of ons as gemeente tot die eer van God leef.

Dit is juis met voorbereiding en met Nagmaal wat ons besef dat ons as gemeente deel uitmaak van die kerk regoor die wêreld wat tot die eer van God moet leef. Daarom dat ons dit in die nagmaalsformulier met hierdie woorde erken:

"Dieselfde Gees bind ons ook as lede van één liggaam in ware liefde saam. Omdat ons almal aan die een brood deel het, is ons almal een liggaam. Daarom moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, hierdie eenheid in liefde met woord en daad teenoor mekaar bewys..."

Om met woord en daad hierdie eenheid in liefde aan mekaar te bewys, beteken nie dat ons allerhande strukture en besluite in plek moet hê nie, maar dat ons eerstens mekaar met liefde moet bedien deurdat ons vir mekaar bid. Daarom dat Paulus bykans elke keer `n brief aan `n gemeente begin met `n gebed. Om vir iemand te bid is seer sekerlik die mooiste uitdrukking van liefde vir mekaar wat daar is. Kom ons leer dan ook by Paulus hóé en wat ons vir mekaar kan bid.

1) **<u>Dank God</u>**

Wanneer Paulus begin om vir die gemeente te bid, begin hy eerstens om God te dank. Hy dank God in die besonder vir drie dinge: die geloof en liefde van die gemeente en dat hierdie geloof en liefde uit hulle hoop na vore kom.

Hy dank God vir die gemeente se geloof in Jesus Christus. Meer spesifiek, Paulus dank die Here vir hierdie gemeente se geloof in Jesus Christus omdat hulle geloof `n vrug is van die feit dat die evangelie verkondig is. Hy dank God dus vir die feit dat die boodskap van Jesus Christus só groot en sterk is, dat dit lewens verander deur dooie mense lewend te maak.

Hy dank God vir die gemeente se liefde vir al die gelowiges, want ook hierdie liefde is `n vrug van die feit dat die evangelie bekend gemaak is en dit lewens verander het. Wanneer enige persoon die evangelie hoor en tot geloof kom, kan hy of sy nie anders nie as om sy of haar broers en susters in die geloof werklik lief te hê. Hierdie liefde wat ons hoor deurdat Paulus vir hulle bid en dat hulle vir Paulus bid.

Hy dank God vir die gemeente se hoop wat in die hemel bewaar word en wat deur die evangelie na vore kom. Hierdie hoop is die verwagting dat Christus definitief weer gaan kom. Die tyd van sy wederkoms is onbekend, maar hulle weet dat Hy weer kom en om hierdie rede bou hulle hulle geloof en liefde vir al die gelowiges hierop. Die kern van hulle en ons hoop is mos juis die feit dat Jesus Christus Koning is en dat Hy weer kom om as Koning regverdig te regeer.

Paulus dank die Here vir dit wat in die lewe van `n ander gemeente plaasvind, nie omdat Paulus deel het aan daardie gemeente nie, maar omdat dit oor God gaan! Deur die manier waarop die gemeente optree word die genade van die Here vir die res van die wêreld duidelik en dit is daarvoor dat Paulus vir God dank.

Geliefdes, hoe gereeld doen ons dit? Wanneer laas het ons as gemeente God gedank vir die wonderlike werk wat die ander gemeentes doen? Dalk is die rede hiervoor dat ons nie meer werklik weet, of selfs omgee, wat in ander gemeentes aan die gang is nie! Dit gaan soveel keer vir ons oor ons as Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos dat ons totaal en al visie verloor dat dit oor die koninkryk van God gaan en dat elke kerk regoor die wêreld geroep is om die evanglie en die koms van die koninkryk van Jesus Christus aan te kondig.

Elke kerk, waarookal sy is, is daar deur die genade van ons Here geplaas om sy koninkryk sigbaar in die wêreld te maak en sy maak deel uit van die liggaam van Jesus Christus en as deel van ons liggaam moet ons ook aan haar dink waar sy is. Ons moet elke keer wanneer ons hoor van die wonderlike werk wat deur kerke gedoen word, ons hemelse Vader daarvoor dank en Hom dank dat Hy so wonderlik goed is dat Hy mense in sy diens gebruik.

2) **<u>Smeek God</u>**

Wanneer Paulus God klaar gedank het vir die liefde en geloof van die gemeente, vra hy ook sekere dinge van God vir hierdie gemeente. Hierdie gebed is `n intree-gebed waarin Paulus in gebed by God vir hierdie gemeente intree en Hom vra dat hulle Sy wil sal ken, dat hulle geloof vrugte mag dra en dat God aan hulle deur Sy krag sterkte sal gee.

Paulus vra dat hulle God se wil sal ken, sodat hulle God sal eer deur net te doen wat God vra. Paulus se hele gebed vir hierdie gemeente is in werklikheid op een ding gefokus – op die eer van God! Of dit nou is dat Paulus God dank vir die gemeente se geloof, liefde en hoop en of dit nou is dat Paulus God smeek om sekere dinge aan die gemeente te gee. Dit alles is gefokus en gerig op die eer van God. Juis daarom dat Paulus vra dat God deur die Heilige Gees aan die gemeente sy wil sal bekend maak, want dit is alleen wanneer `n gemeente God se wil ken, wat hulle tot sy eer kan lewe.

Maar **Paulus vra ook dat hulle goeie vrugte sal dra**, sodat hulle kan toeneem in die kennis van God. As jy God werklik wil leer ken, moenie vaskyk in boeke-kennis nie. `n Groot deel daarvan om God werklik te ken, word geleer wanneer ek werklik lewe soos God wil hê ek moet lewe uit dankbaarheid – daar waar die spreekwoordelike tekkie die teer slaan.

Om God werklik te ken is ook nie `n doel opsig self nie, maar deel van die wonderlike kringloop wat daarop uitloop dat ons God sal eer vir Wie Hy is. Juis om hierdie rede dat Paulus vir God vra om aan die gemeente hierdie kennis van God te gee, want as hulle hierdie kennis het, sal die gemeente weet hoe om só te lewe dat die evangelie deur hulle teenwoordigheid uitgedra word, sodat die wêreld sal hoor van God se onbeskryflike liefde en genade.

Paulus vra ook dat God deur Sy krag vir hulle sterkte sal gee, sodat hulle kan volhard. Vir ons as die kerk van die Here moet dit nie net gaan oor dit wat lekker en gemaklik is nie. Ons moet onsself inspan, ons moet met geduld volhard om sodoende God beter te leer ken. Dit is skokkend om te dink hoe gemaksugtig ons raak en dat ons kan kerm en kla oor die kleinste dingetjies, terwyl ons in werklikheid met ons hele wese daarna moet smag om God beter te leer ken en tot Sy eer te leef ongeag die uitdagings wat ons dalk beleef.

In hierdie smeekgebed van Paulus leer ons iets belangrik. Dit gaan nie daaroor dat jy iets van God vra nie, maar dit gaan oor wat jy van God vra. Is dit wat jy van God smeek vir die gemeente, ingezoom op God se wil of gaan dit oor die voorspoed van die gemeente? Hiermee bedoel ek nie dat die voorspoed van `n gemeente nie God se wil is nie, maar wel dat ons gebede in die eerste plek daaroor moet gaan dat God verheerlik sal word in die manier waarop `n gemeente funksioneer.

Dit wat `n gemeente doen moet in die eerste plek nie gaan oor dit wat vir die gemeente lekker is om te doen, maar oor wat God wil hê die gemeente moet doen en

hoe hulle, gelei deur die Heilige Gees, die boodskap van verlossing in Jesus Christus moet verkondig.

3) **Aanbid God.**

Paulus sluit hierdie gebed vir die gemeente af met `n lofprysing aan die Here. Hy begin met hierdie lofprysing in vers 13 en breek uit in hierdie wonderlike loflied oor wie Jesus is in verse 13 tot 20. Volgende week gaan ons by hierdie loflied stilstaan en hoor wat ons daarin leer oor Jesus Christus en ons verhouding met Hom as ons Koning, maar mag ons reeds vanaand leer dat ons gebede vir die kerk begin by God en eindig by God en dit wat Hy vir ons as die kerk regoor die wêreld gedoen het en wie Hy vir ons is.

Dit is skrikwekkend om te dink hoe baie ons in gebed vra en hoe min ons die Here loof vir wie Hy is en wat Hy doen. As ons na die gebede in die Nuwe Testament luister, veral dié wat Paulus vir die gemeentes gebid het, hoor ons dat God geloof en geprys word en dat dit wat Paulus van God smeek, elke keer daaroor gaan dat God se almag, genade, koningskap en liefde duideliker in die lewe van die gemeentes sal word. Alles is uit Hom en deur Hom en tot Hom, waarom nie ons gebede nie?

4) **Slot**

Kom ons word die kerk wat gebed in ons harte het. Mag die Here ons help dat ons Hom sal dank vir wie Hy is en wat Hy deur ander gemeentes doen, mag Hy ons help om te vra na dit wat ons en al die ander kerke regoor die wêreld werklik nodig het en nie wat ons dink ons nodig het nie en mag Hy ons help om Hom te aanbid en te loof in elke gebed!

Amen.